Inligtingsdokument

Doel van die dokument

Hierdie dokument dien as hulpmiddel vir agtergrond en gesprekvoering oor die samesmelting tussen GWK en VKB met spesifieke onderwerpe vir vrae en antwoorde.

Agtergrond oor die transaksie

Ondersteunende dokumentasie is beskikbaar op GWK se webtuiste by https://www.gwk.co.za/Company/1 en in verskeie vorige uitgawes van Kommuniek by https://gwkkommuniek.co.za/. Opsomming van die agtergrond:

- Gesprekke tussen GWK en VKB het in Julie 2020 afgeskop.
- Die samestelling en ontwerp van die transaksie is gedryf deur afgevaardigdes van GWK en VKB, in samewerking met 'n eksterne, onafhanklike korporatiewe adviseur, Pallidus.
- Inligtingsessies vir GWK-aandeelhouers is in Julie 2022 gehou in verskeie dorpe in GWK se bedieningsgebied om die besonderhede oor die voorgenome transaksie te deel.
- Inligtingsessies is deurlopend met GWK-personeel gehou.
- GWK se aandeelhouers het in Augustus 2022 tydens 'n spesiale aandeelhouersvergadering ten gunste van die voorgenome amalgamasie met VKB gestem.
- VKB se Direksie het volgens hul mandaat reeds vroeër in 2022 ten gunste van die voorgenome amalgamasie gestem.
- Die voorgenome transaksie is ingedien by die mededingingsowerhede ná die goedkeuring deur GWK se aandeelhouers en VKB se Direksie.
- Desember 2022 het die Mededingingstribunaal aangekondig dat die voorgenome transaksie goedgekeur is.
- Die samesmelting is op 30 Mei 2023 finaal goedgekeur deur al die regulatoriese owerhede. Die effektiewe datum van die samesmelting was op 31 Mei 2023. Dit beteken dat die twee landbougroepe vanaf daardie datum as 'n saamgestelde groep funksioneer.
- Die fokus is nou om die integrasieproses met die nodige omsigtigheid te hanteer, terwyl resultate steeds gedryf sal word oor die hele groep in terme van kliëntediens, gehalte produkte en finansiële prestasie.
- Daar sal geen verandering wees intussen aan hoe produsente besigheid met GWK doen nie.
- Soos die integrasieproses vorder, sal ons alle belangegroepe deurlopend ingelig hou van die vordering en waar van toepassing pertinente veranderinge tydig kommunikeer.
- GWK gaan eers as 'n filiaal van VKB Beleggings funksioneer, met Llewellyn Brooks, die GWK Groep se Besturende Direkteur, wat in sy huidige rol as Besturende Direkteur sal voortgaan.
- PG Strauss, die VKB Groep se Besturende Direkteur, sal in daardie hoedanigheid die leiding van die saamgestelde groep neem.

vkb | GWK | ntk

Integrasiekomitee

Dié komitee se taak is om deeglik na alle besigheidsbedrywighede te kyk en het die mandaat om die integrasie van die ondernemings se bedrywighede te beplan en te monitor.

Hulle sal optree in 'n adviserende hoedanigheid aan die VKB Beleggings se direksie ten opsigte van die integrasieproses om 'n effektiewe en vaartbelynde besluitnemingsproses te fasiliteer tussen die Direksie en die bestuurspanne van GWK en VKB.

Die integrasiekomitee bestaan uit die volgende lede:

- Coenraad Fick (die Voorsitter van VKB Beleggings se Direksie)
- Nicolaas Kruger (die Voorsitter van GWK Groep se Direksie en Voorsitter van die integrasiekomitee)
- PG Strauss (die VKB Groep se Besturende Direkteur)
- Llewellyn Brooks (die GWK Groep se Besturende Direkteur)
- Koos Janse van Rensburg (voormalige Besturende Direkteur van die VKB Groep)
- Markus Mittermaier (die VKB Groep se Finansiële Direkteur)
- Andri Geel (die GWK Groep se Finansiële Direkteur)
- John McIntosh (onafhanklike adviseur wat die afgelope paar jaar betrokke was by die ontwikkeling en vaslegging van GWK se strategie)

Die handelsmerke van GWK en VKB

Die behoud van albei handelsmerke en voortgesette besigheid onder hierdie handelsmerke is deel van die sleutelbeginsels van die transaksie. Voortaan sal die gekombineerde groep onder al drie die oorhoofse VKB-, GWK- en NTK-handelsmerke bedryf word, en verder ook met verwysing na ander handelsmerke van die bedrywe in die saamgestelde groep.

Voordele van die samesmelting

Albei groepe is en moet volhoubaar bly op hul eie. Hierdie volhoubaarheid word nou verder versterk in die nuwe saamgestelde groep.
Potensiële voordele sluit in:

- Beter mededingendheid vir ons kliënte kan bewerkstellig word as ons die regte ding op die regte manier doen en die saamgestelde onderneming op 'n hoë vlak en standaard bedryf word.
- Ons aandeelhouers het belange in 'n onderneming wat meer gediversifiseer is. Dit is dus 'n meer stabiele onderneming wat 'n beter moontlikheid het om enige potensiële skokke en uitdagings in die toekoms te verwerk.
- Dit is 'n groter en meer uiteenlopende organisasie wat vir personeel meer groeigeleenthede bied en 'n uitsoek-tuiste vir die beste talent is.
- Vir die gemeenskappe waar ons funksioneer, is 'n nog meer stabiele onderneming net so belangrik met 'n voortgesette positiewe impak wat in hierdie gemeenskappe gemaak word.

Ons is opgewonde oor die positiewe impak wat die saamgestelde groep op Suid-Afrikaners gaan hê met die groep se betrokkenheid in landbou en die voedselbedryf, maar ons het realistiese verwagtinge.

vkb | GWK | ntk

Die proses word met die regte omsigtigheid benader en ons weet die beoogde voordele gaan nie oornag ontsluit word nie. In die afgelope drie jaar is met groot sorg gewerk om seker te maak die belange van alle partye, spesifiek die personeel, aandeelhouers en kliënte van die betrokke maatskappye, word beskerm en bevorder.

Dit is belangrik dat ons nou hierop voortbou en die posisionering en groepering van die onderskeie besighede én handelsmerke in die saamgestelde groep reg aanpak sodat die diens aan kliënte in elke area optimaal is.

Oorsig oor die reëlingskema

Die reëlingskema was 'n proses wat deur die Oorname Reguleringspaneel gereguleer was, waarin die terme van die samesmelting skriftelik aan GWK-aandeelhouers gekommunikeer is en waaroor die GWK-aandeelhouers gestem het op 'n aandeelhouersvergadering. Die GWK-aandeelhouers het op hierdie vergadering hul oorweldigende steun verleen deur ten gunste van al die besluite te stem.

Die implementering van die samesmelting van GWK en VKB sal voortgaan soos uiteengesit in die reëlingskema wat deur GWK se aandeelhouers, en binne die mandaat van die VKB Groep se Direksie, goedgekeur is. Hierdie proses word deur die maatskappy se Korporatiewe Dienste-span gedryf en noukeurig bestuur met bepaalde doelwitdatums vir afhandeling.

VKB Beleggings verkry die aandeelhouerfondse wat deur GWK-aandeelhouers gehou word in ruil vir 'n gedeelte kontantvergoeding, sowel as die uitreiking van 'n aflosbare, stemdraende skuldbrief (VKB-skuldbriewe) aan kwalifiserende GWK-aandeelhouers (gewone aandele, voorkeuraandele en aandeelhouerslenings, uitgesluit tesourie-aandele en GWK Mechanisation Holdings-aandele, wat aan GWK-skemadeelnemers oorgedra sal word).

Belangrike datums:

- 13 September 2023
  - Uitbetaling van gestaakte boerderybedrywighede waarvoor die aansoek vóór 2 Julie 2022 goedgekeur is
- 16 Oktober 2023
  - Skemavergoeding (soos uiteengesit later in hierdie dokument onder GWK-skemadeelnemers) aan aandeelhouers volgens die reëlingskema
  - Uitreiking van GWK Mechanisation Holdings-aandele

Staak van boerderybedrywighede

GWK-aandeelhouers wat aansoek gedoen het vir die uitbetaling van aandeelhouerfondse na aanleiding van die staak van boerderybedrywighede, ingevolge GWK se huidige MOI (Memorandum of Incorporation/Akte van Oprigting) en goedgekeur is vóór 2 Julie 2022, sal teen die verdiskonteerde waarde daarvan uitbetaal word voor of op 13 September 2023.

Gestaakte GWK-produsente word sodoende uitgesluit as GWK-skemadeelnemers. Terselfdertyd sal GWK alle gewone A-aandele van die gestaakte GWK-produsente in kontant terugkoop teen 'n totale terugkoopprys van R0,01 per gestaakte GWK-produsent in ooreenstemming met die bepalings van GWK se huidige MOI en die reëlingskema wat deur GWK-aandeelhouers goedgekeur is.

Alle GWK-aandeelhouers wat aansoek gedoen het vir die uitbetaling van aandeelhouerfondse na aanleiding van die staak van boerderybedrywighede ingevolge GWK se huidige MOI ná 2 Julie 2022, se aansoeke sal dieselfde hanteer word as die oorblywende GWK-aandeelhouers of -skemadeelnemers. Hierdie aansoeke om staking van boerderybedrywighede sal in terme van die MOI van VKB hanteer word, waar 'n soortgelyke benadering gevolg word as wat tans die geval by GWK is.

GWK-skemadeelnemers

Die GWK-skemavergoeding sal as volg hanteer word:

Indien 'n skemadeelnemer se verdiskonteerde waarde van oorblywende GWK-aandeelhouersfondse plus die waarde van alle gewone A-aandele teen R1,00 per gewone A-aandeel se waarde R10 000 of minder is, sal die verdiskonteerde waarde aan die skemadeelnemer uitbetaal word voor of op **16 Oktober 2023**.

Indien die verdiskonteerde waarde van 'n skemadeelnemer se aandeelhouersfondse méér as R10 000 is, sal die skemadeelnemer die volgende ontvang:

- 'n Kontantbedrag van R10 000;
- GWK Mechanisation Holdings-aandele, in 'n pro-rata verhouding van 'n aandeelhouer se GWK-aandeelhouerslening teenoor die totale waarde van alle GWK- aandeelhouers se aandeelhouersleningsbalanse; plus
- Die oorblywende aandeelhouersfondswaarde wat R10 000 oorskry en ná die oordrag van GWK Mechanisation Holdings-aandele, in die vorm van VKB-skuldbriewe. Die uitreiking word in die volgende verhouding gedoen:
    - o R1,00 se VKB-skuldbrief vir elke R1,00 van die boekwaarde van die oorblywende GWK-aandeelhouersfondse gehou.

Die uitbetaling van die bostaande en die uitreiking van VKB-skuldbriewe sal voor of op **16 Oktober 2023** geskied. Let wel, skemadeelneemers kan eers ná **16 Oktober 2023** weer aansoek doen vir die uitbetaling van aandeelhouerfondse na aanleiding van die staak van boerderybedrywighede en dit sal hanteer word ingevolge VKB se MOI.

GWK Mechanisation Holdings-aandele

Deel van die voorwaardes van die samesmelting van die twee groepe, volgens die reëlingskema, is om GWK Mechanisation Holdings as 'n aparte regsentiteit te registreer. GWK Mechanisation Holdings-aandele sal aan GWK-skemadeelnemers uitgereik word volgens die reëlingskema hierbo uiteengesit.

Die reëling is van toepassing op alle GWK-aandeelhouers. Aandeelhouers sal steeds geregtig wees op sy aandeel, waarop 'n toekomstige dividend verdien kan word, of om die aandeel te verkoop indien dit die voorkeur sal wees.

GWK Mechanisation Holdings-aandele word hanteer soos 'n gewone aandeleskema waarop dividende verdien kan word, en 'n kortingsbeleid sal nie gevolg word nie. Aandeelhouers kan dus hul GWK Mechanisation Holdings-aandele in die vrye mark verkoop, mits dit binne die bepalings van die GWK Mechanisation Holdings MOI val. Dit sluit onder meer in dat die koper 'n bona fide produsent moet wees.

vkb | GWK | ntk

GWK Mechanisation Holdings sal ná die registrasie as aparte regsentiteit steeds ondersteun word deur GWK met dienste insluitend finansies, inligtingstegnologie en stelsels, bemarking en kommunikasie, asook ander noodsaaklike dienste om te verseker dieselfde standaard diens en ervaring sal voortleef vir GWK Mechanisation Holdings-aandeelhouers, -kliënte, -personeel en -verskaffers.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die bestuur en besigheid van GWK Mechanisation Holdings (insluitend die bedieningsgebied daarvan, ondersteuningsdienste en die ligging van die GWK Mechanisation Holdings-takke) onveranderd sal bly.

GWK-kredietfasiliteite

GWK se kredietbeleid sal bly voortbestaan en GWK behou 'n aparte finansieringstruktuur. Vir meer inligting rakende finansiering kan aandeelhouers met hul plaaslike kredietbestuurders kontak maak.

Kortingverdelings

Aangesien die huidige finansiële jaar vir GWK-aandeelhouers reeds op 1 Junie 2023 'n aanvang geneem het, is daar besluit dat die reëls van die kortingsmodel nie in hierdie stadium gewysig gaan word nie en dat die huidige model tot 31 Maart 2024 onveranderd sal bly.

Dit beteken dat GWK-aandeelhouers in die huidige finansiële jaar steeds vir kortings kwalifiseer vir besigheid met GWK gedoen volgens die huidige model. Intussen word 'n analise gedoen oor die kortingsmodelle van onderskeidelik GWK en VKB, waarna 'n aanbeveling aan die GWK/VKB-integrasiekomitee en VKB Beleggings se Direksie gedoen sal word vir oorweging.

Die nuwe kortingsmodel en reëls vir die nuwe finansiële jaar wat op 1 April 2024 afskop (GWK se finansiële jaar word nou belyn met die VKB Groep se finansiële jaar siklus van 1 April tot 31 Maart), sal tydig met alle aandeelhouers en belangegroepe gekommunikeer word.

Hierdie model en die struktuur daarvan vir die saamgestelde groep sal verder met aandeelhouers bespreek word tydens kliëntesessies wat binnekort sal plaasvind. Die sessies sal gelei word deur uitvoerende bestuurslede van die nuwe saamgestelde groep, insluitend PG Strauss (die VKB Groep se Besturende Direkteur). Datums vir hierdie besoeke sal eersdaags gekommunikeer word.

Rotasie van aandeelhouersfondse

GWK-aandeelhouers se oorblywende aandeelhouersfondse (ná die kontantuitbetaling en uitreiking van aandele in GWK Mechanisation Holdings) word vervang deur die VKB-skuldbriewe wat uitgereik word, soos vroeër in die skrywe uiteengesit.

Dit stel die saamgestelde groep in staat om die betaling van **GWK-aandeelhouers se rotasiefondse** (op 'n pro-rata basis, ná uitbetaling van die kontantbedrag en GWK Mechanisation Holdings-aandele) weer te hervat. Die rotasiefondse vir klas 10 (2019) sal in 2024 uitbetaal word, waarna uitbetaling van rotasiefondse per daaropvolgende klas volgens hierdie nuwe jaarlikse siklus sal plaasvind.

GWK-lidnommers

GWK-aandeelhouers wat aandele wil opneem in VKB Beleggings sal hul bestaande GWK-lidnommers kan behou. Die span van GWK Sekretariaat sal aandeelhouers ondersteun met die proses, soos hier onder uiteengesit.

Hoe om 'n aandeelhouer van VKB Beleggings te word

Enige bona fide-produsent, wat kwalifiseer in terme van VKB Beleggings se Akte van Oprigting, kan 'n aandeelhouer van VKB Beleggings word.

Produsente en voormalige aandeelhouers van GWK kan hul plaaslike kredietbestuurder kontak of die kantore van die Maatskappysekretaris by corporateservices@gwk.co.za of 053 298 8272. GWK sal 'n voltooide VKB-aansoekvorm, insluitend FICA-dokumente wat benodig word, voorsien aan voormalige GWK-aandeelhouers wat wil aansoek doen om VKB Beleggings-aandeelhouers te word.

Belangrike inligting:

- Die regsentiteite/individue wat vir aandele in VKB Beleggings wil inskryf, moet duidelik aangedui word.
- Die inligting op die dokument, asook op die FICA-dokumentasie, moet nagegaan word en bevestig word as korrek. Indien enige inligting ontbreek, moet dit reggestel word op die aansoekvorm en saam met die nuutste FICA-dokumente teruggestuur word.
- Die koopprys van VKB gewone aandele is R5 000 in terme van die VKB Akte van Oprigting, wat in die volgende bankrekening inbetaal moet word:
    - GWK Beperk | Standard Bank
    - Rekeningnommer: 041 663 438 | Takkode: 050 003
    - Verwysingsnommer: VKB en jou GWK-lidnommer
- Die voltooide vorms tesame met bewys van betaling moet aan corporateservices@gwk.co.za gestuur word.
- Volledige aansoeke sal binne vyf werksdae deur GWK verwerk word, waarna dit binne tien werksdae deur GWK by VKB se Maatskappysektretaris ingedien word. Die aansoeke sal aan die Integrasiekomitee van VKB Beleggings voorgehou word op 'n maandelikse basis, waarvan die volgende vergadering op 21 November 2023 sal wees.